

Donderdag 15 September

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:11-17

Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:11, 12, 13 (AFR83)

Uitverkorenes word deur God teen die aanslae van die antichris bewaar

Die wederkoms van Christus sal onverwags plaasvind. Net die Vader weet wanneer. In Christus het Hy sy liefde aan ons bewys. Blywende troos en goeie hoop word uit genade gewaarborg. Deur die opstanding van Jesus Christus het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis (1 Pet. 1:3, 4).

Uitverkorenes word gered deurdat die Heilige Gees ons vir God afsonder. Kragdadig word ons deur die Heilige Gees verander en in staat gestel om die waarheid te glo. Wie nie die Vader en die Seun wil erken nie, is die antichris (1 Joh. 2:22).

Soos Paulus se lesers moet ons teen 'n verkeerde toekomsverwachting waak, ons nie laat mislei nie. Deur alles heen oortuig die Heilige Gees ons dat God se genade vir ons genoeg is. Sy krag kom tot volle werking wanneer ons swak is (2 Kor. 12:9). Ons moenie ons teen die afvallige en wettelose mense blindstaar nie. Ons worstelstryd is nie teen mense nie, maar teen die bose magte van hierdie sondige wêreld (Ef. 6:12). Die afvallige en wettelose mense is vir die verderf bestem. God het hulle aan die mag van die dwaling oorgegee sodat hulle die leuen van Satan glo. Die afvalligheid en wetteloosheid sal net erger en erger word.

Voordat die wederkoms plaasvind, sal die wettelose mens die goddeloosheid tot sy hoogtepunt voer. Ter wille van die uitverkorenes sal God die mag van die antichris inperk – dit is vlak voor die wederkoms. Die Heilige Gees verander ons denke, begeertes, houding en reaksie teen die geweldige aanslag van die wettelose mens.

Elkeen wat met God en sy heilige wil breek en onchristelik lewe, is 'n afvallige. God se oordeel begin in die kerk. Ons moet dus waaksaam en altyd op Christus se wederkoms gereed wees. Let op die tekens van die tye en wees gereed sodat ons Hom met blydschap tegemoetgaan.

Sing: Psalm 61-1:1, 2, 6 (sing op Psalm 38-1 se tweede melodie)

Ds. WP van der Merwe (Willem) (emeritus)